

Afrikaans 1 (Huistaal) – Graad 2

Welkom by ons Conquesta Olimpiade.
Lees al die vroe noukeurig.

(Onderwyserbystand word toegelaat deur
die teks hardop uit te lees.)

Jy moet besluit watter een is die regte
antwoord vir elke vraag – en dan 'n
sirkel rondom (a), (b), (c) of (d) aan die
regterkant van elke vraag trek. Jy mag
net een antwoord vir elke vraag kies.



Voorbeeld:		(a) bekke	(b) hande	(c) vlerke	(d) sterre
'n Voël het twee ...					

Lees die gedigjie onder en omkring die korrekte antwoorde vir vrae 1 – 13.

Juffrou

Ons juffrou is so hoog-geleerd,
Sy weet wat reg is, of verkeerd.
Sy help ons as ons foute maak
Met syfers wat te moeilik raak.
Sy leer ons skryf, al gaan dit skeef,
En sê hoe ons gesond kan leef.

Juffrou leer ons mooi maniere,
Ook van plante en diere.
Sy praat nog van die leeu wat brul,
Toe spring sy op haar stoel en gil:
“O aardetjie! O hemel tog!
K-k-kyk die yslike gedrog!”

Waaroor gaan die groot gedruis?
Juffrou skrik vir 'n pieklike muis!



Deur Ellin Botha

1.	Wanneer jy hooggeleerd is, beteken dit dat jy	(a) iets weet	(b) baie weet	(c) min weet	(d) niks weet
----	--	------------------	------------------	-----------------	------------------

2.	In watter vak werk ons met syfers?	(a) Wiskunde	(b) Musiek	(c) Drama	(d) Engels
3.	As jy gesond wil wees, moet jy	(a) lekkers eet	(b) groente eet	(c) skyfies eet	(d) baie kos eet
4.	Kies 'n antoniem (teenoorgestelde) uit die leesstuk vir 'skeef'.	(a) regtig	(b) regter	(c) reguit	(d) regs
5.	Kies 'n werkwoord om die sin te voltooi. Juffrou het aan 'n universiteit om 'n onderwyseres te wees.	(a) geskryf	(b) gegaan	(c) gewen	(d) gestudeer
6.	Kies die versamelnaam vir penne, uitveërs boeke en potlode.	(a) skryf- toed	(b) skryf- behoefte	(c) skrif- behoefte	(d) skryf- baar
7.	Kies 'n beskrywende woord vir 'wanneer iets baie groot is'.	(a) yslik	(b) ysblok	(c) yssidig	(d) yskoud
8.	'n Sinoniem vir 'gedrog' is 'n	(a) mannetjie	(b) monster	(c) manlik	(d) maklik
9.	Wanneer jy 'n fout in jou boek maak, kan jy 'n gebruik.	(a) uitstal	(b) uitsaai	(c) uitspreek	(d) uitveër